

**Oop of geslote Nagmaalsviering?  
'n Vraag aan die Nederduitsch Hervormde  
Kerk van Afrika**

J H Koekemoer  
Universiteit van Pretoria

**Abstract**

**Open or closed Communion? A question addressed to the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**

This article focuses on the open invitation to partake in the Lord's Supper, according to the prescription of the Nederduitsch Hervormde Kerk. Fundamentally, Holy Communion is not there for the individual. It is given to the community. Neither is the Lord's Supper the place to practise church discipline; it is the place where the liberating presence of the crucified Lord is celebrated. For this reason, proper preaching must lead to the Lord's Supper, and not away from it. The conclusion is that the Nederduitsch Hervormde Kerk should take the question of an open invitation to the Lord's Supper seriously.

**VRAAGSTELLING**

Daar bestaan 'n gebruik in die Ned Herv Kerk om tydens die Nagmaalsviering lidmate van ander kerke wat die belydenisgrondslag van die Ned Herv Kerk deel en nie by hulle eie kerke of gemeentes onder een of ander vorm van die kerklike tug verkeer nie, uit te nooi om saam met die gemeente Nagmaal te vier. Hierdie gebruik word tans in die Kerkwet en Bepalings van die Ned Herv Kerk soos volg verwoord: 'Die kerkraad mag lidmate van ander kerke met dieselfde belydenis as die

Kerk, wat nie onder sensuur is nie en die vrymoedigheid het om in hulle eie gemeentes aan die tafel van die Here aan te sit, uitnooi om nagmaal te gebruik' (Bep 97,3).

Volgens König (1967:12) het die gebruik om 'n algemene oop-uitnodiging aan Nagmaalsgangers te rig vroeër ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorgekom. In 'n goed beredeneerde artikel oor 'ope, geslote en interkommunie', verwys Howard du Toit (1989:95) ook na die saak. Hy wys daarop hoedat daar deur verskillende fases in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se besluitneming beweeg is sodat oor die saak van 'n oop of geslote kommunie vandag 'in die gemeentes van die Ned Geref Kerk vermoedelik verskillende praktyke en benaderingswyses aan die orde van die dag is'.

By die aftrede van 'n gewaardeerde kollega in die Kerkgeskiedenis, Dogma-geskiedenis en die Kerkreg, het ek dit goed gevind om in 'n artikel my huldeblyk aan Prof A D Pont te rig in die vorm van 'n teologiese beredenering van die saak. Ek doen dit tegelyk om voorlopig uitvoering te gee aan 'n opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan my om die Ned Herv Kerk te adviseer oor die saak.

Alhoewel daar in die teologie 'n lewendige debat oor die aangeleentheid gevoer is en word, was die gesprek in die Ned Herv Kerk nie baie bedrywig nie.

Booyen (1989:7-18) beredeneer die saak en tipeer die uitnodiging na die Nagmaal as 'oop' in 'teenstelling met die uitnodiging in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke'. Hy oordeel verder dat die viering van die Nagmaal vir die Ned Herv Kerk 'n saak van erns is. Hy kom dan in sy beredenering tot die konklusie dat op die vraag of die uitnodiging tot die Nagmaal as oop beskou kan word nie ongekwalifiseerd beantwoord kan word nie. Sy eie kwalifikasie is dat 'oop' beteken 'lidmate van die eie kerk indien hulle aan die voorbehoude wat gestel word, voldoen'. Hy het 'n probleem daarmee dat lidmate van ander kerke sonder meer uitgenooi word omdat die kerkraad nie met 'n goeie gewete getuienis oor hulle lewenswandel kan lewer nie. Daarom pleit hy daarvoor dat kerkrade hulle opsig-taak ernstig moet neem en hulle telkens daarvan moet vergewis of hulle besoekers wil uitnooi. Vir 'n groot deel van sy argumentvoering het Booyen teruggeval op 'n beredenering van Engelbrecht (1979a:114-121). Engelbrecht skets in sy artikel die verskillende moontlikhede ten opsigte van die gebruik van die Nagmaal sonder om definitiewe keuses aan te dui. Alhoewel hy die probleme en teologiese argumentvoering by elke moontlikheid kortliks beredeneer, kom hy self nie tot 'n logiese konsekwensie nie.

---

Die opsies wat hy na vore bring, is die volgende:

- \* Omdat die kerkraad van 'n bepaalde gemeente nie weet wat die leer en lewenswandel van lidmate uit sustergemeentes of susterkerke is nie, is die Nagmaal slegs vir lidmate van die eie gemeente 'oop'. Hy gee toe dat daar hipokriete in die eie gemeente kan wees, mense dus wat die skyn van vroomheid bewaar, maar tog nie gelowiges is nie. Omdat hierdie mense uiterlik tot die kerk behoort, kan hulle nie van die Nagmaal geweier word nie. Aan hulle word dus alleen verkondig dat hulle 'n oordeel oor hulleself eet en drink en geen deel aan die ryk van Christus het nie (NHKA 1983:68-69).
- \* Omdat oor lidmate van susterkerke en sustergemeentes die opsig wel in die eie gemeente uitgevoer word, kan hulle uitgenooi word na die Nagmaal in 'n ander gemeente. Die opsigtaak word deur so 'n reëling nie verswak nie, omdat dit wel in die eie gemeente uitgevoer word. Wanneer die kerkraad van die Nagmaalvierende gemeente derhalwe onbewus is van enige verkeerdheid by sulke besoekende lidmate, word slegs aan hulle, soos immers aan alle Nagmaalgangers, verkondig dat 'elkeen homself eers moet ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself'.

Alhoewel beide die artikels bepaalde aspekte van die uitnodiging na die Nagmaal hanteer, mis dit 'n teologiese beredenering van die Nagmaal self. Dit verdiskonteer nie die gesprek in die ekumeniese wêreld enersyds nie en neem ook nie kennis van die op daardie stadium reeds bestaande gesprek in die Ned Geref Kerk nie (vgl die aangehaalde artikel van Du Toit vir 'n weergawe van die gesprek).

Hierdie artikel poog om die teologiese grondslag vir die uitnodiging na die Nagmaal te beredeneer vanuit die inhoud en betekenis van die gebeure self. Hieruit sal gepoog word om ten opsigte van die saak 'n bepaalde konklusie te bereik.

Hierdie beredenering is voorlopig en derhalwe is die konklusie wat daaruit voortvloei, ook voorlopig. Die bedoeling is enersyds om die gesprek binne die Ned Herv Kerk te stimuleer en andersyds om binne eie teologiese tradisie oor hierdie vir die kerk so belangrike aangeleentheid te begin teologieseer. Dit is immers kommerwekkend as in die kerk die persepsie begin ontstaan dat die Nagmaal 'n minder belangrike gebeurtenis is. Die feit dat net vier keer per jaar Nagmaal gevier word en dat Nagmaaldienste swakker bygewoon word as gewone eredienste blyk 'n aanduiding te wees in die rigting van die bevestiging van die persepsie.

Ten opsigte hiervan wys Prof B J Engelbrecht in 'n rapport aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die 'betekenis van die nagmaal vir die gelowige' daarop dat Woordverkondiging, doop en Nagmaal drie skakels in dieselfde

ketting is. Wanneer een van die skakels swak is, is dit kommerwekkend (Engelbrecht 1979b:119-128). Engelbrecht (1979b:120) stel: 'Waar die nagmaal vroeër redelik hoog waardeur is, word dit vandag al hoe sterker onderwaardeur.' Hy oordeel dat so 'n onderwaarding van die Nagmaal tot groot skade en agteruitgang van die geloof en lewe van die lidmate lei. Daarom blyk 'n teologiese besinning ook oor die wyse waarop mense na die tafel van die Here genooi word, noodsaaklik te wees.

### TEOLOGIESE BEREDENERING

Hierdie beredenering pretendeer nie om 'n volledige besinning oor alle aspekte van die Nagmaal te wees nie. Die saak op die tafel word vanaf 'n bepaalde teologiese perspektief beredeneer met die duidelike vooronderstelling dat so 'n beredenering lig op die uitnodiging na die Nagmaal kan werp. Ten opsigte van die saak is dit belangrik om in gedagte te hou dat 'n leer oor die prediking of die Nagmaal altyd sekondêr is ten opsigte van die gebeure self. Geen Christen glo in 'n 'leer oor die prediking' of 'n 'leer oor die Nagmaal' nie. Dit gaan eerstens oor die realiteit van die gebeure self. Van hieruit word nadenke oor die verkondiging en die Nagmaal sinvol (Weber 1961:678).

In so 'n nadenke oor die Nagmaal sal binne die verstaanshorison van die Ned Herv Kerk deeglik rekening gehou moet word met die belydenisskrifte van die kerk. Hulle vorm immers deel van die kerklike tradisie wat help vorm het aan eie vooronderstellings. Wie dit ontken, ontken die raamwerk waaruit en waarheen hy teologies wil reflekteer.

Volgens genoemde belydenisskrifte lyk dit of die Nagmaalsleer nou verbonde is aan en afhanklik is van die Godsleer, Christologie, Pneumatologie, ekklesiologie en eskatologie (vgl NGB art 35; HK Sondag 28, 29 & 30). Binne hierdie raamwerk is volgens 1 Korintiërs 10:16 en 17 die gebroke brood deelgenootskap met die liggaam van Christus. Volgens Hartveld (1960:192) het ook Calvyn sterk klem gelê op die gemeenskap met Christus self.

Die verhouding tussen die tekens van brood en wyn en die betekende saak word in hierdie verband deur Beker & Hasselaar (1987:179) soos volg beskryf:

Deur het gebroke brood en de vergoten wijn (de gereformeerde traditie hecht aan deze zichtbare handelingen) wordt de gemeenschap met het lichaam van Christus (voor ons gebroken aan het kruishout) en wordt de gemeenschap aan het bloed van Christus (voor ons tot verzoening vergoten) kenbaar gemaak en verzegeld (declaratur et ob-signatur). Verzegeld betekend ook: bewerkt. De sakramenten betekenen immers wat zij bewerken en bewerken wat zij betekenen.

Die opmerking van Beker & Hasselaar moet nie misverstaan word as sou dit in die rigting van 'n werking 'ex opera operato' dui nie. Hulle dui alleen die aktualiteit en realiteit van die gebeure aan wat ook in die artikel beredeneer sal word.

Ook Engelbrecht (1979b:126) onderstreep die gemeenskap met Christus self:

In die Nagmaalviering word nie net verkondigend heengewys en herinner nie, word ook nie net verseël nie, maar skenk God ook daadwerklik wat Hy belowe naamlik sy genade, goedheid, guns en die vergifenis van sondes.

Die Nederlandse Geloofsbelijdenis sê dan ook dat 'netso waaragtig' as wat ons die Nagmaal se brood in ons hande hou en eet 'netso waaragtig ontvang ook ons siele in die Sakrament van die Nagmaal die ware liggaam en ware bloed van Christus tot voeding van ons geestelike lewe'. Dit gebeur 'deur die geloof wat die hand en die mond van die siel is'. By die Nagmaal gebeur daar dus ook werklik iets: 'die heil word ook werklik meegedeel en ontvang'.

Hy gaan dan voort deur daarop te wys dat die gemeenskap van gelowiges by die Nagmaal inderdaad teruggryp na 'n dieperliggende gemeenskap met Christus wat in die Nagmaal na vore tree.

By die Nagmaalsgebeure het die gelowiges dus deel aan die brood wat op die tafel is en op sakramentele wyse die liggaam van Christus is. Tegelyk is die mense rondom die tafel ook die liggaam van Christus. In die eerste geval is dit die liggaam van die gekruisigde en opgestane Here. In die tweede geval gaan dit om die 'mistieke' liggaam van Christus, naamlik die kerk (Weber 1961:679). Hieruit sou met reg afgelei kan word dat die viering van die Nagmaal inderdaad die gemeente konstitueer. Natuurlik is dit so dat hierdie gebeure binne die reformatoriese tradisie nooit losgemaak kan word van die Woordgebeure nie. Dit is juis daaraan gebind.

Die Nagmaalsgebeure vind nie net in die buurt van die Woordgebeure plaas nie. Dit word ook nie net begelei deur die verkondiging van die Woord nie. Dit is self ook Woord, sigbare Woord (Engelbrecht 1979b:123). 'Rechte Predigt führt zum Mahle him, nicht von ihm fort' (Weber 1961:679).

Vraag en antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus onderstreep ook die belangrikheid van die Woordgebeure as daar gestel word dat die gemeente altyd weer opnuut kerk word onder die Woordgebeure. Hier is uitverkies 'n verkiesing van die gemeente en 'n uitverkiesing tot die gemeente. By die Woordgebeure bevind die enkeling hom telkens opnuut weer in die midde van die gemeente. En ook hierdie gemeente is nie staties nie, dit is kerk wat altyd weer kerk word deur 'Gees en Woord'.

Dit is juis van hieruit dat dit moontlik is om ook die Nagmaalsgebeure as konstitutief vir kerkwees te aanvaar. Ook die Nagmaalsgebeure is 'n telkens herhalende gebeure. Deur deel te hê aan die brood, wat die liggaam van Christus is en die wyn wat die bloed van Christus is, is die gelowiges die liggaam van Christus. So is hulle gemeente, kerk, word hulle altyd opnuut weer kerk. Die verband tussen Christologie, Pneumatologie en ekklesiologie kom so as 't ware vanself na vore.

Deur die uitdeel van brood en wyn het Jesus sy dissipels deel laat kry in wat Hy vir hulle verwerf het. Van Niftrik (1953:306) stel derhalwe heeltemal korrek dat die Nagmaal 'n sakrament geword het toe Jesus die brood en wyn as gelykenisse van sy gebroke liggaam en vergote bloed uitgedeel het. Jesus Christus het egter nie net vir sy dissipels gesterf nie. Daarom word die Nagmaal dan ook telkens weer in die gemeente gevier. Telkens word mense opnuut uitgenooi na die tafel van die Here toe. Die heil is immers vir almal bedoel. Om hierdie rede en as gevolg van die opeenvolging van geslagte en die uitbreiding van die kerk word die herhaling van die Nagmaalsgebeure noodsaaklik. Alhoewel dit dus waar is dat die Nagmaal 'n gemeentemaaltyd is en nie dié van 'n enkeling nie, is dit tog ook waar dat die enkeling daar waar hy deel van die gemeente is, gevoed en versterk word. Ons geloof is immers swak, derhalwe moet ons verbintenis met Christus altyd weer bevestig en tot ons eie gemaak word.

Daarom het die uitspraak van Hendrikus Berkhof dan ook meer as net sydelinge betekenis:

Voor wie weet wat hier gaande is, is deze maaltijd te midde van de andere media de meest omvattende uitdrukking van het heil. Want hier ligt heel de heilsweg geconcentreerd voor ons. Het gaat om een telkens herhaalde verbondsvernieuwing waarin verlede (het offer), toekomst (het rijk van God) en heden (de teenwoordigheid van Christus in de Geest) samenkomen, en waarin tevens de gemeenschap met God in Christus door de Geest samevalt met de gemeenschap van de lede van het Christus-lichaam onderling. Hier wordt de verbondsweg van kruis en opstanding, van berouw en vergeving, van zelfverloochening en verrijzenis ons steeds opnieuw voorgetekend.

(Berkhoff 1973:380)

Daarom pleit hy tereg daarvoor dat in die verhouding preek en Nagmaal die een die ander nie moet verdring nie. Die gemeente leef by beide. Die noodsaaklikheid van die Nagmaal tree verder ook na vore uit die feit dat Jesus Christus ná sy lyding nie ophou om ons Hoëpriester te wees nie. Die Nagmaal is immers, soos reeds vroeër gestel is, nie net 'n herinneringsmaal nie. Dit gaan nie hier net om die gedagtenis aan die 'historiese Jesus' nie. Dit gaan ook om die gemeenskap met die verheerlikte

Christus wat ons ewige Hoëpriester is. Die gedagtenis in die Nagmaal is dus baie meer as net herinnering. Dit gaan hier om die teenwoordig wees van Hom aan wie gedink word. Die teenwoordig wees is egter nie die resultaat van ons viering nie, maar dit is die resultaat daarvan dat Hy aan wie gedink word, teenwoordig wil wees en Hom aan ons wil openbaar:

Wen wir davon ausgehen, daß das heilige Mahl die Mahlzeit der Heilsgemeinde ist, so könnte das nur bedeuten: Kraft der Gegenwart des Herrn, der sich uns schenkt und dargibt, und der eben darin die neue Gottesordnung, den neuen Bund gründet, ist die Gemeinde das, was sie ist.

(Weber 1961:686)

In die Nagmaalsviering vind daar 'n opheffing van die afstand van tyd plaas – die afstand van tyd wat ons van die kruisgebeure skei. Die verlede word hier hede, die toe word nou, dit hou op om toe te wees: dit is nou (Van Niftrik 1948:68).

Die opmerking van Beker & Hasselaar (1987:179) dat 'verseël' in die sakramente taal van die belydenisskrifte ook 'bework' beteken, is hier van toepassing. Die sakramente beteken wat dit bewerk, en bewerk wat dit beteken wanneer en waar die Here bewerk wat dit beteken.

Dit word so gestel omdat binne die reformatoriese teologie die openbaring nie 'n blywende gegewenheid is nie. Openbaring is en bly steeds 'n daad van God. Ook wanneer God Hom in 'n bepaalde gestalte aan ons openbaar, is en word die gestalte nooit die geopenbaardheid van God nie – dit is en bly God wat Hom in en deur die gestalte aan ons openbaar. Hy val egter nooit met die gestalte van sy openbaring saam nie. Dit is nie die gestalte wat openbaar nie, maar God in en deur die gestalte. Net soos God se Woord nooit 'n gegewenheid word nie, 'n boek as sodanig nie, maar altyd in 'n woordgebeure tot ons kom, so word die Nagmaal ook nooit staties nie, maar bly dit lewend (Van Niftrik 1948:36vv).

God moet nooit so met die simbool van sy teenwoordigheid geïdentifiseer word dat die simbool sy plek inneem nie. Wie dit probeer doen beroof God van sy vryheid en die god wat hy dan so binne wêreldse konsepte vasgevang het, is niks meer as 'n afgod nie.

Openbaring word nooit geopenbaardheid nie (Barth 1960:50vv). God gee Hom nooit as gevange oor aan die gestalte van sy openbaring nie. Hy is en bly God, Hy is en bly vry. As dit in gedagte gehou word, moet daar begrip kom daarvoor dat die Nagmaalstryd in die reformatie ten diepste 'n stryd om 'n Godsbegrip was.

Daarom kon Calvyn in sy Nagmaalsleer tereg stel dat God in dieselfde gestalte van sy openbaring in sy welbehag kan besluit om Hom aan een te openbaar en aan die ander nie. Die gelowige word dus in die feesmaal deur Christus gevoed en ver-

kwik terwyl die 'godellose mens wel die sakrament tot sy verdoemenis ontvang, ontvang hy nie die ware sakrament nie' (NGB art 35).

Vir die gelowige word die kruis van Golgota en alles wat dit inhou, die lyde en sterwe van Jesus Christus, Jesus Christus self, in die Nagmaal 'n teenwoordige werklikheid. In die Nagmaal dink ons nie net aan Christus se verdienste vir ons nie, maar is Hy *realiter* teenwoordig, 'niet localiter [plaatselik aanwysbaar], maar spiritualiter, d.i. op de wijze van de Heilige Geest' (Beker & Hasselaar 1987:181). In en deur die Nagmaal kom die gekruisigde en opgestane Heer na ons toe.

Dit gaan derhalwe in die Nagmaal nie om 'n gebeurtenis in die verlede wat die gemeente net in herinnering roep nie, dit gaan om gemeenskap met die lewende Heer. Dit gaan daaroor dat die gemeente se pad in die wêreld nie net van Woord tot Woord beweeg nie, maar inderdaad ook van Nagmaal tot Nagmaal. In die viering van die Nagmaal gryp die gemeente vooruit na die voltooië vreugde in die koninkryk van God, kyk terug na die heilswerk wat Christus volbring het en ontmoet die verhoogde Heer wat in die Gees as gasheer by die viering teenwoordig is (Berkhof 1973:380).

Volgens Du Toit (1989:99) is hierdie gemeenskap met Christus onlosmaaklik verbind aan die gemeenskap met mekaar: 'Waar die een ontbreek kan die ander ook nie gevind word nie.'

Ook Engelbrecht (1979b:126) onderstreep die saak as hy stel: 'Maar omdat 'n liggaam onderling verbind is, is die gelowiges wat Christus se liggaam is ook onderling met mekaar verbind.' Die formulier sê: 'Ons almal wat deur die ware geloof in Christus ingelyf is, sal deur broederlike liefde saam een liggaam wees en dit nie net met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys.'

Die vraag kom noodwendig nou na vore: Wie word uitgenooi na die tafel van die Here?

Indien Weber (1961:678) korrek oordeel dat die gebeure by die Nagmaal voorrang behoort te geniet bo die leer, impliseer dit 'n sekere openheid ten opsigte van die Nagmaal. Ons eie argument in die artikel dui in elk geval ook in die rigting, want indien die sakrament net soos die Woord die kerk konstitueer en dit nie andersom gebeur nie, behoort daar in die Nagmaalsgebeure, net soos by die Woordgebeure, 'n bepaalde openheid te wees.

Dit word 'n moeiliker vraag om te beantwoord as die vraag ook oor konfessionele grense heen sny. Binne die verstaanshorison van eie tradisie (ook belydenistradisie) is die Nagmaalsgebeure nie uiteenlopend in sy betekenisraamwerk nie. Daarom blyk die gebruik in die Ned Herv Kerk waarna verwys is, die korrekte een te wees. Binne hierdie raamwerk behoort daar nie onnodige belemmeringe op die weg van Nagmaalgangers geplaas te word nie.



Wanneer dit gesê is, behoort indringend kennis geneem te word van die besinning oor hierdie saak wat in die Protestantse wêreld aan die gang is. Smit (1982:25) wys onder andere op die gesprek in Nederland sedert 1970, in Duitsland sedert 1947, in Frankryk sedert 1978 en die enorme hoeveelheid werk wat binne die Wêreldraad van Kerke oor die aangeleentheid verrig is. Dit is nie hier ter sake of met die argumente saamgestem word of nie. Wat van betekenis is, is dat hierdie lewendige gesprek nie by 'n lewende kerk behoort verby te gaan nie. Die probleem sal in elk geval ook nie opgelos word deur die oorskakeling na 'n ander teologiese paradigma in die Ned Herv Kerk om so by 'n geslote Nagmaalsviering uit te kom nie.

Jürgen Moltmann lê in hierdie verband groot klem op die onvoorwaardelike oop uitnodiging na die Nagmaal toe. Hy is van oortuiging dat die Nagmaal wel deel van die erediens moet wees, maar dat die uitnodiging aan almal gerig moet wees. Hy is daarvan oortuig dat wanneer die kerk die uitnodiging na die Nagmaal om een of ander rede sou beperk, dat die Nagmaal dan 'n maaltyd van die kerk sal word waar dit om gemeenskap met die kerk sal gaan en nie primêr om die gemeenskap met Christus nie (Moltmann 1977:242-260).

Alhoewel die gedagtes van Moltmann vanuit sy eie teologiese paradigma verstaan moet word, wys dit tog die gevaar uit dat die Nagmaal 'n maaltyd van die kerk in plaas van 'n maaltyd van Christus kan word. Hiervan behoort deeglik kennis geneem te word, ook wanneer daar in die Ned Herv Kerk oor die saak besin word.

Die vraag na die ontheiliging van die Nagmaal in so 'n oop uitnodiging kan natuurlik nou met reg gevra word.

Die gedagtes van Weber dui 'n moontlike rigting vir 'n beantwoording van die vraag aan (Weber 1961:712). Volgens hom is die gedagte van 'onwaardige deelnemers', na die herformulering van die Nagmaal in die vroeë kerk om dit op die Jesussaak te betrek, vreemd aan die Nuwe Testament. Daar is in dié opsig in die Nuwe Testament wel sprake van 'n onwaardige deelname (1 Kor 11:27) maar nie van onwaardige deelnemers nie. Elkeen moet homself ondersoek omdat die daad van eet en drink 'n oordeel kan bring. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die gemeente by Woord en Sakrament is en word. Die sakrament beteken gemeenskap met Christus en plaas derhalwe elkeen voor 'n beslissing. Dit is net soos die Woord vir dié wat verlore gaan 'n doodsreuk wat die dood bring, maar vir dié wat gered word is dit 'n lewensgeur wat lewe wek (1 Kor 2:16).

Die Nagmaal werk egter nie outomaties nie. Die Heilige Gees maak die Nagmaal 'n eskatologiese heilsmaal vir ons en in ons. Deur sy werk gee die lewende Here Homself in die Nagmaal aan ons en bring Hy tegelyk ook ons na Hom toe. In

sy welbehae openbaar Hy Hom aan wie Hy wil, terwyl ander wel die teken ontvang en nie die Sakrament nie, eet en drink hulle 'n oordeel oor hulleself.

### GEVOLGTREKKING

Terwyl dit die kerkraad se taak bly om opsig te hou oor die leer en lewe van die gelowiges en om toe te sien dat die sakramente nie ontheilig word nie, kan dit nooit as motivering dien om ten gunste van 'n geslote Nagmaal te besluit nie. Dit sou in die lig van ons argumentvoering nie alleen die Nagmaal tot 'n maaltyd van die gemeente in plaas van 'n maaltyd van Christus maak nie, maar tegelyk ook 'n wesensverandering ten opsigte van die kerk se verstaan van homself impliseer. Die opsigtaak by 'n oop uitnodiging na die Nagmaal hoef nie te verswak nie, omdat dit in elke gemeente na behore uitgevoer kan word. By elke Nagmaalsviering word lidmate immers aan die noodsaak van selfondersoek herinner.

Daarom kan die uitnodiging met vrymoedigheid gerig word aan almal wat in eie gemeentes onder die opsig van 'n kerkraad lewe en die vrymoedigheid het om ook daar deelgenote van die tafel van die Here te wees.

### Literatuurverwysings

- Barth, K 1960. *Die Kirchliche Dogmatik*. Deel 1/2, 5e druk. Zürich Evangelischer Verlag: Zollikon.
- Beker, E J & Hasselaar, J M 1987. *Wegen en Kruispunten in de Dogmatiek*. Band 4. Kampen: Kok.
- Berkhof, H 1973. *Christeljk Geloof*. 3e druk. Nijkerk: Callenbach.
- Booyen, D J 1989. Die uitnodiging na die Nagmaal. *HTS* 45/1, 7-18.
- Du Toit, H 1989. Ope, geslote en interkommunie. *GNTT* 30/1, 95-109.
- Engelbrecht, B J 1979a. *Temas rondom die reformasie*. Pretoria: HAUM.
- 1979b. Die betekenis van die Nagmaal vir die gelowige. Notule Algemene Kommissie, bylae C, 119-128. Pretoria: NHKA.
- Hartveld, G P 1960. *Verum Corpus*. Delft Meinema.
- König, A 1967. *Die ouderling se huishesoek – voor Nagmaal?* Pretoria: NG Kerkuitgewers.
- Moltmann, J 1977. *The Church in the power of the Spirit*. London: SCM Press.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1983. *Diensboek*. Pretoria: KITAL.
- 1989. *Kerkwet- en Bepalings*. Pretoria: KITAL.
- Smit, D J 1982. *Riglyne vir Nagmaalsprediking*. Kaapstad: NG Kerkuuitgewers.
- Van Niftrik, G C 1948. *Een beroerder Israels*. Nijkerk: Callenbach.

Van Niftrik, G C 1953. *Kleine Dogmatiek*. Nijkerk: Callenbach.

Weber, O 1961. *Grundlagen der Dogmatik*. Band 2. Moers: Neukirchen.